Media Release | Mediavrystelling

Issued: 04/03/2022

NAMPO 2022 – EXPERIENCE IT!

Grain SA's NAMPO Harvest Day, the biggest agricultural show in the Southern hemisphere, is after a two-year hiatus ready to present a showstopper outside Bothaville from 16-20 May 2022. Yes, for the first time in history - NAMPO will be presented over 5-days!

With ongoing uncertainty under the prevailing national state of disaster, Grain SA has at its annual Congress yesterday voted in favour of presenting the NAMPO Harvest Day in its original timeslot in May, with adherence to any national regulations which may be in place.

Agricultural producers and the public can once again experience first-hand what modern agriculture looks like. Regarded as the heartbeat of agriculture in South Africa, the 54th NAMPO Harvest Day offers a unique platform through which producers can expand knowledge and explore new technology and productivity solutions. Furthermore, NAMPO does not only present an opportunity for conversation and dialogue, but it also allows the public and other role players to experience commercial agriculture and food safety and security in action.

"The effects of not hosting a Harvest Day at NAMPO Park since 2019 had far reaching consequences not only for the organisation, but also for the surrounding towns. The local district, not yet recovered from excessive water damage in January, relies heavily on the economic and financial injection brought about by the Harvest Day" Grain SA Marketing, NAMPO & Research Lead, Dr Dirk Strydom said.

NAMPO exhibitors want to meet with producers and showcase their products again. In consultation with exhibitors more than 80% indicated the need to host the Harvest Day in May 2022 and concurred an extra day in the schedule can add much needed business opportunity, With close to 800 exhibitors, NAMPO is the platform to network with the agricultural industry's top role players, strengthen friendships and relationships and enjoy what this unique show offers in a peaceful farming atmosphere. According to Danie Minnaar, chairman of the NAMPO Harvest Day, the best technology and knowledge for producers to farm sustainably can be found at NAMPO. "Even though agriculture remain under immense pressure, agriculturalists still have enough passion for farming to explore every aspect of agriculture that the Harvest Day has to offer in order to remain competitive and relevant,"

he said.

The absence of NAMPO Harvest Day highlighted the critical role this platform plays to facilitate networking in the agricultural sector. “To host government representatives and stakeholders from the agricultural value chain provide opportunity for important and sometimes challenging conversations to take place, in an environment conducive to and aimed at promoting the sector locally and throughout the Sub-Saharan region”, Dr Pieter Taljaard, Grain SA CEO concluded.

Implementation will now start in all earnest and Grain SA is excited and geared to welcome back producers, Agri stakeholders, suppliers, other value chain players as well as the public to this agricultural showcase, offering a diversified exhibition with a variety of new technology, products, and services on one site. Details regarding ticket sales and show times will be communicated in due course.

NAMPO 2022 – BELEEF DIT!

Graan SA se NAMPO Oesdag, die grootste landbouskou in die Suidelike Halfrond, is na 'n twee-jaar lange afwesigheid gereed om 'n skouspel buite Bothaville aan te bied vanaf 16-20 Mei 2022. Ja, vir die eerste keer in die geskiedenis word NAMPO oor 5 dae aangebied!

Te midde van voortdurende onsekerheid onder die heersende nasionale ramptoestand, het Graan SA gister op sy jaarlikse kongres ten gunste van die aanbieding van die NAMPO Oesdag in sy oorspronklike tydgleuf in Mei gestem, met die nakoming van enige nasionale regulasies wat in plek mag wees.

Landbouprodusente en die publiek kan weer eerstehands beleef hoe moderne landbou lyk. Die 54ste NAMPO Oesdag, wat as die hartklop van landbou in Suid-Afrika beskou word, bied 'n unieke platform waar produsente hul kennis kan uitbrei en nuwe tegnologie en produktiwiteitsoplossings kan verken. Verder bied NAMPO nie net 'n geleentheid vir gesprek en dialoog nie, maar stel dit ook die publiek en ander rolspelers in staat om kommersiële landbou en voedselveiligheid en -sekuriteit in aksie te ervaar.

“Die uitwerking om sedert 2019 nie ’n Oesdag by NAMPO Park aan te kon bied nie, het verreikende gevolge nie net vir die organisasie gehad nie, maar ook vir die omliggende dorpe. Die plaaslike distrik, wat nog nie heeltemal van buitensporige waterskade in Januarie herstel het nie, maak staat op die ekonomiese en finansiële inspuiting wat deur die Oesdag meegebring is,” het Graan SA Bemarking, NAMPO & Navorsingshoof, dr Dirk Strydom gesê.

NAMPO-uitstallers wil produsente ontmoet en weer hul produkte ten toon stel. In oorleg met uitstallers het meer as 80% aangedui dat dit nodig is om die Oesdag in Mei 2022 aan te bied, en was dit eens dat 'n ekstra dag in die skedule broodnodige sakegeleentheid kan byvoeg. Met byna 800 uitstallers is NAMPO dié platform om met die landboubedryf se toprolspelers te netwerk, vriendskappe en verhoudings te versterk en te geniet wat hierdie unieke vertoning bied in 'n rustige plaas-atmosfeer. Volgens Danie Minnaar, voorsitter van die NAMPO Oesdag, is die beste tegnologie en kennis vir produsente om volhoubaar te boer by NAMPO te vinde. “Al bly die landbou onder geweldige druk, het landbouers steeds genoeg passie vir boerdery om elke aspek van landbou wat die Oesdag bied te verken om mededingend en relevant te bly,” het hy gesê.

Die afwesigheid van NAMPO Oesdag het die kritieke rol wat hierdie platform speel om netwerkvorming in die landbousektor te fasiliteer, beklemtoon. "Om regeringsverteenwoordigers en belanghebbendes uit die landbouwaardeketting te ontvang, bied geleentheid vir belangrike en soms uitdagende gesprekke om plaas te vind

in 'n omgewing wat bevorderlik is vir en gemik is op die bevordering van die sektor plaaslik en regdeur die Sub-Sahara-streek," het Dr Pieter Taljaard, Graan SA se Uitvoerende Hoofbestuurder mee afgesluit.

Implementering sal nou in alle erns begin en Graan SA is opgewonde en gerat om produsente, Landbou-belanghebbendes, verskaffers, ander waardekettingrolspelers sowel as die publiek terug te verwelkom by hierdie landbouvertoonvenster, wat 'n gediversifiseerde uitstalling met 'n verskeidenheid nuwe tegnologie, produkte en en dienste op een platform aanbied. Besonderhede rakende kaartjieverkope en toegangstye sal mettertyd gekommunikeer word.

Issued by:
Grain SA Communications

Further enquiries:
Toit Wessels, Assistant Manager: NAMPO | toit@grainsa.co.za
Dr Dirk Strydom, Marketing, NAMPO & Research Lead | dirks@grainsa.co.za
086 004 7246 | www.grainsa.co.za